# Die Ligdraer

## Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Welkom

**3 September 2023**

## Ons missie:

Die Gereformeerde Kerk Welkom verheerlik God as 'n biddende gemeente wat:

- dissipels is;
- dissipels maak;
- vashou aan die suiwer leer;
- ons gawes gebruik;
- lidmate toerus; en
- God se liefde en genade uitdra.

## VANOGGEND SE EREDIENS



**Stilte**
**Votum**
**Groetseën**
**Lofprysing en aanbidding:** Psalm 92-1:1,2,6 en Lied 475:1,2
**Geloofsbelydenis:** Twaalf Artikels
**Die Wet van die HERE:** Matteus 22:37-40
**Gebed**
**Skriflesing:** Handelinge 2:1-13
**Sing:** Skrifberyming 8-3
**Fokus:** Handelinge 2:1-4
**Preek:**



**Tema:**
*Die dag toe die kerk gebore is.*

**Gebed**
**Diens van barmhartigheid**
**Sing:** Lied 477:1,2
**Wegstuurseën**
**Amen:** Skrifberyming 13-3



**Afkondigings**

**KOLLEKTES:**
Onder die erediens: Diens van barmhartigheid.
By die deure: Emeritaats Versorging.

**DIENSBEURT:**
Vandag: Wyk 2
10 September: Wyk 3
17 September: Wyk 4



**TEE/KOFFIE VOOR EN NA DIE EREDIENS:**
Daar is tee, koffie en koeldrank voor en na die erediens in die groot saal beskikbaar. Alles word daar reggesit en dan kan lidmate hulleself help.



**KATKISASIE:**
Tydens die erediens (net na die Skriflesing en voor die preek) is daar katkisasie vir die voorskoolse kinders. Graad 1-10 se katkisasie is na die erediens. Graad 11 (Belydenisklas) se katkisasie is om 16:00.

**BYBELSTUDIE:**
Vanmiddag om 17:00 by die kerkgebou. Almal is hartlik welkom om dit by te woon of elektronies deur middel van Google Meet in te skakel. Die skakel daarvoor is: https://meet.google.com/gvr-jicg-fjf

**VERLOF: KOSTER:**
Ons koster, br Flip Kotze, sal met verlof wees vanaf 4 September tot 24 September.

**VERLOF: DS. JANNIE:**
Ds. Jannie sal met verlof wees vanaf 5 September tot 11 September. Die erediens op Sondag 10 September sal deur 'n student waargeneem word.

**DANKIE:**
’n Paar weke gelede het vandale die ligte onder die afdak uitgebreek en groot skade aangerig. Br. Frank Korb het Maandag die ligte vervang en reggemaak. Hy het al die werk self gedoen. Hy het ons niks gevra vir die aankope en die werk wat hy gedoen het nie. Ons wil vir br. Frank baie dankie sê vir die groot werk wat hy vir ons gedoen het.

**BYEENKOMS OOR GAWES – DINSDAG 5 SEPTEMBER:**
Baie dankie vir al die lidmate wat gereël het om op Dinsdag 5 September hulle gawe vorm met Alwyn Hoogendyk en Hannelie Hoogendyk te kom bespreek. Julle is ongelukkig nog net ’n klein groepie wat dit gedoen het. Ons rig ’n vriendelike, dog dringende versoek aan hulle om afsprake met Alwyn en Hannelie te maak. Hierdie is ’n uiters belangrike saak. Indien ons ’n gesonde gemeente wil word, sal ons die gawes in ons gemeente moet gebruik.
Die 5de September gaan ons by die kerkgebou bymekaar kom. Die afspraak is tussen 15-20 minute lank. Ons begin dan 17:30. Maak asseblief ’n afspraak by Hannelie vir die tyd wat jou sal pas. Hannelie en Alwyn sal die gesprekke doen en kan dus twee op ’n slag help. Hulle sien uit daarna om julle gawes te ont-

leed! Kontak: Hannelie Hoogendyk (082 707 5703) of vir Alwyn Hoogendyk (073 342 2576).

**LIEF EN LEED:**

- Sr Teresa Venter (072 344 5013) se swaer is Donderdag oorlede. Hy was die broer van br. Jan Venter (082 510 5469) van GK Hennenman / Ventersburg. Ons innige simpatie en meelewing aan hulle en die res van die familie.
- Ons vra voorbidding vir sr. Marthie van der Schyff (072 336 4266). Sy gaan Donderdag in Rosepark hospitaal in Bloemfontein ’n rugoperasie ondergaan. Ons bede is dat die operasie suksesvol mag wees.
- Ons vra voorbidding vir ander lidmate wat ernstig siek is of in die hospitaal is of beproewings beleef waarvan ons nie weet nie.



# Ek Verjaar!



Die volgende lidmate verjaar tot 9 September 2023

| | | |
|---|---|---|
| 3 September | Evard Wasmüth | 083 748 7401 |
| 6 September | Hannes Hoogendyk | 082 707 5703 |
| 7 September | Chántell Markram | 082 444 7895 |

**BAIE GELUK** en seënwense vir die nuwe jaar.

# Die Bybel

**1 Toe die dag van die Pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar. 2 Onverwags het daar uit die hemel 'n geluid soos dié van 'n kragtige stormwind opgeklink, en dit het die hele huis gevul waar hulle gesit het. 3 Tonge, asof van vuur, het aan hulle verskyn, verdeel en op elkeen van hulle neergedaal. 4 En almal is vervul met die Heilige Gees, en het in ander tale begin praat, soos die Gees aan hulle gegee het om hardop uit te spreek.**
**5 Destyds het daar vroom Jode uit elke nasie onder die hemel in Jerusalem gewoon. 6 Toe daardie geluid opklink, het die menigte saamgedrom, en was verward, omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word. 7 Verstom en verbaas het hulle gevra: “Kyk, is almal wat daar praat, dan nie Galileërs nie? 8 Hoe hoor elkeen van ons hulle dan praat in die taal waarmee ons grootgeword het? 9 Ons – Parte en Meders en Elamiete, inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en Asië, 10 Frigië en Pamfilië, Egipte en streke van Libië in die omgewing van Sirene, en Romeine wat hier vertoef, 11 Jode en proseliete, mense van Kreta en Arabiere – ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dade van God praat.” 12 Almal was verstom en verward, en het mekaar gevra: “Wat beteken dit tog?” 13 Ander weer het spottend gesê: “Hulle is vol soetwyn.”** ~ ***Handelinge 2:1-13*** ~

**VIR INBETALINGS IN ONS GEMEENTE SE REKENING:**

**WELKOM**
**ABSA BANK**
**TAK KODE: 630135**
**REK NO: 1340340090**
**TIPE REK: TJEKREKENING**



**ONTHOU OM JOU NAAM BY TE SIT INDIEN ELEKTRONIES OOR BETAAL**

**Kontaknommers en besonderhede:**
Predikant: Ds JL van der Schyff (083 995 0380) dominee@gkwelkom.co.za
Skriba: Marthie van der Schyff (072 336 4266) skriba@gkwelkom.co.za
Attes Skriba: Frank Korb (076 312 7581) attesskriba@gkwelkom.co.za
Koster: Flip Kotze (083 388 0249) koster@gkwelkom.co.za
Kassier: Marthie Kotze (083 388 0251) kassier@gkwelkom.co.za
Orrelis: Hansie Jordaan (083 407 5796) orrelis@gkwelkom.co.za
Admin beampte: Casper du Plessis (057 353 1447/060 366 0166)
Diakonie: Marthie van der Schyff (072 336 4266) diakonie@gkwelkom.co.za
Kantoor: 057 352 5280 (Vrydag 08:00 - 13:00) admin@gkwelkom.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/GKWelkom/
**Webbladsy:** www.gkwelkom.co.za

**DIAKONIE**
**EERSTE NASIONALE BANK**
**TAKKODE: 250655**
**REKENINGNOMMER: 62808348074**



# Net 'n Gedagte

***"Vertrou die verlede toe aan die genade van God, die hede aan Sy liefde en die toekoms aan Sy voorsienigheid."*** **~ Augustinus ~**

***Die moeilikste deel van sukses is dat jy dit nie net een keer kan doen en dit dan so los nie – jy moet aanhou om daaraan te werk.*** **~ Irvin Berlin ~**

GEREFORMEERDE KERKE
IN SUID-AFRIKA